# Palm Sondag



**2024-03-24**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## Intog van Jesus in Jerusalem
## Joh 12:12-19

Joh 11:55 En die pasga van die Jode was naby; en baie het uit dié landstreek na Jerusalem opgegaan voor die pasga om hulle te reinig. 56 En hulle het Jesus gesoek; en terwyl hulle in die tempel staan, sê hulle vir mekaar: Wat dink julle, sal Hy nie na die fees kom nie?

Joh 12:12 Die volgende dag het 'n groot menigte feesgangers, toe hulle
hoor dat Jesus na Jerusalem kom, 13 palmtakke geneem en uitgegaan Hom
tegemoet en geroep: Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die
Here, die Koning van Israel. 14 En Jesus het 'n jong esel gevind en daarop
gaan sit, soos geskrywe is: 15 Moenie vrees nie, dogter van Sion! Kyk, jou
Koning kom en Hy sit op die vul van 'n esel. 16 Dit het sy dissipels egter
eers nie verstaan nie; maar nadat Jesus verheerlik is, toe het dit hulle
bygeval dat hierdie dinge van Hom geskrywe was en dat hulle dit aan Hom
gedoen het. 17 En die skare wat by Hom was toe Hy Lasarus uit die graf
geroep en hom uit die dode opgewek het, het daarvan getuig. 18 Daarom
het die skare Hom ook tegemoetgegaan, omdat hulle gehoor het dat Hy
hierdie teken gedoen het. 19 En die Fariseërs het vir mekaar gesê: Sien julle
dat julle niks vorder nie? Kyk, die hele wêreld loop agter Hom aan.

2

# Mense soek en betoon respek teenoor Jesus

Joh 11:55 En die pasga van die Jode was naby; en baie het uit dié landstreek na Jerusalem opgegaan voor die pasga om hulle te reinig. Joh 11:56 En hulle het Jesus gesoek; en terwyl hulle in die tempel staan, sê hulle vir mekaar: Wat dink julle, sal Hy nie na die fees kom nie? Joh 12:12 Die volgende dag het 'n groot menigte feesgangers, toe hulle hoor dat Jesus na Jerusalem kom, 13 palmtakke geneem en uitgegaan Hom tegemoet en geroep:

1. Dit is die moeite werd om na Jesus Christus te soek.
2. Dit sal nooit tervergeefs wees nie.
   Amo 4:12 Daarom sal Ek só met jou handel, o Israel; omdat Ek só met jou sal handel—maak jou klaar om jou God te ontmoet, o Israel!
3. Wie was die mense?
   - Moontlik die wat Jesus se bediening gevolg het of gehoor het van Hom.
   - Feesgangers. Gewone mense. Nie die stadsleiers nie.
     - 1Kor 1:27 maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam;

3

# Mense het gehoor

Joh 12:12 Die volgende dag het 'n groot menigte feesgangers, toe hulle hoor dat Jesus na Jerusalem kom, 13 palmtakke geneem en uitgegaan Hom tegemoet en geroep:

1. Hoor mense nog gerugte van Jesus Christus?
2. Kry ons gerugte van Jesus Christus uit daarbuite?
3. Raak mense nog opgewonde oor Jesus?
4. Wat van mense wat in Rayton bly?
5. Wat van gerugte oor ons gemeente?



4

# Hulle betoon respek aan Jesus met Palmtakke

Joh 12:13 palmtakke geneem en uitgegaan Hom tegemoet en geroep: Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here, die Koning van Israel.

1. Palmtakke in hul hande. Teken van oorwinning.
2. Johannes sien ook 'n gesig.

- Openb 7:9 Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; 10 en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!



3. Palms was ook gebruik tydens die hutte fees (feast of tabernacles). (Sag 14:16, Neh 8:15, Lev 23:40).

4. Is jou palmtakke gereed om Hom te ontmoet wanneer Hy gaan kom?

5

# Hulle roep uit na Jesus en bring lof

Joh 12:13 palmtakke geneem en uitgegaan Hom tegemoet en geroep: Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here, die Koning van Israel.

1. Roep uit met 'n groot stem.
2. Gewone mense herken Hom as die Koning van Israel. (Koning regeer)
3. Verwelkom Hom
4. Hosanne beteken "Red ons"
5. Hulle seën Jesus.
6. Hulle bring lof aan Hom



**Psalms 24:7-9**

7 Hef op julle hoofde, o poorte, ja, verhef julle, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan!

8 Wie is tog die Erekoning? Die HERE, sterk en geweldig, die HERE geweldig in die stryd.

9 Hef op julle hoofde, o poorte, ja, hef op, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan!

6

# Jesus kom op ‘n nederige manier

Joh 12:14 En Jesus het ‘n jong esel gevind en daarop gaan sit, soos geskrywe is: 15 Moenie vrees nie, dogter van Sion! Kyk, jou Koning kom en Hy sit op die vul van ‘n esel.

1. Jesus kom op ‘n nederige manier.
   - Nie almal herken Hom altyd nie. Hy mag dalk baie stil inkom.
   - Jesus se koninkryk is nie van hierdie wêreld nie.
   - Moet Hom nie vir verkeerde redes aanneem nie.
   - Mense soek baie keer ook verering.

2. Moet nie vrees nie! Ons Koning kom!
   - Vrees maak dat jy foute maak.
   - Jesus Christus maak vrees stil.
   - Wees eerder bly en opgewonde.

**Zechariah 9:9**

9 Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en ‘n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op ‘n esel—op ‘n jong esel, die vul van ‘n eselin.



7

# Die dissipels verstaan eers nie.

16 Dit het sy dissipels egter eers nie verstaan nie; maar nadat Jesus verheerlik is, toe het dit hulle bygeval dat hierdie dinge van Hom geskrywe was en dat hulle dit aan Hom gedoen het.

1. Ons verstaan nie dinge altyd nie.
   - Ons mag dalk besig wees om ‘n profesie uit te voer.

2. Nadat Jesus verheerlik is en hulle die Heilige Gees ontvang het het hulle dit eers verstaan.
   - Die Heilige Gees leer ons en lei ons.
   - Herinner ons ook aan wat God besig is om te doen.
   - Ons behoort gedurig in kontak met die Heilige Gees te wees.
   - Vandag nog is die Skrif besig om in vervulling te kom.

3. Groei soos die dissipels.

8

# Ons benodig meer wonderwerke

Joh 12:17 En die skare wat by Hom was toe Hy Lasarus uit die graf geroep en hom uit die dode opgewek het, het daarvan getuig.
Joh 12:18 Daarom het die skare Hom ook tegemoetgegaan, omdat hulle gehoor het dat Hy hierdie teken gedoen het.

1. Wonderwerke en tekens dra geweldig baie gewig.
2. Ons gebede moet meer daarop fokus.
3. Hoe lyk ons geloof?
4. Die Here se tyd is egter baie belangrik.



9



10